

Perdekrag


Hoe onderrig jy die eenbedryf vir TAT?

Deur: Rika Boucher

Inleiding en agtergrond

Die fokus by die onderrig van *Afrikaans Tweede Addisionele Taal* is om die leerder se vermoë om die taal te verstaan en te praat – basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede te ontwikkel.

Ons moet heel eerste besef dat hierdie leerders nie noodwendig enige kennis van Afrikaans het wanneer hulle **begin skoolgaan** nie. Hulle taalverwerwing behoort so te lyk:



Ons lei dus af dat ons nie bloot die storielyn mag behandel nie. Ons moet aandag gee aan elemente van 'n drama, die bou/fases van 'n drama, figuurlike en retoriese taalgebruik.

Die beste manier om hierdie drama te onderrig, is:

- o om te probeer om soveel moontlik van die drama in die klas te lees. Dit is belangrik dat die leerders die elementêre betekenisvlak van die drama moet verstaan.
- o om die drama in sy geheel te bestudeer en nie net dele daarvan nie.
- o om tyd in te ruim om die drama in die klas te bespreek. Maar dit is net vrugbaar mits elke leerder daaraan deelneem.
- o klasbesprekings met skryfaktiwiteite op te volg. Dit het groot waarde, want dit bevorder die onderrig van die vaardighede lees, skryf en taalgebruik.

ONTHOU: Die klem in formele letterkunde-onderrig hang van die gekose genre/voorgeskrewe werk af. In die drama moet jy dus fokus om:

- o die unieke kenmerke van die drama te verstaan.
- o intrige, tema, boodskap, karakterisering en agtergrond te identifiseer en te verduidelik.
- o die skrywer/regisseur se bedoeling te identifiseer en verduidelik.

Lees en kyk: Letterkunde

- o te verduidelik hoe karakters, agtergrond en die gebruik van woorde die boodskap en tema in die drama ondersteun.
- o figuurlike en retoriese taalgebruik te identifiseer en te verduidelik. Die volgende aspekte word in KABV genoem en dit moet onderrig word soos/indien dit in hierdie drama voorkom: beeldspraak (vergelyking, personifikasie, metafoor) en stylfigure (inversie, simbool, karikatuur, onomatopoeë/klanknabootsing, ironie, kontras, spot, satire, sarkasme, antiklimaks, eufemisme, hiperbool, woordspeling, metonimia, onderbeklemtoning).

So, hoe kan jy begin? As inleiding, kan jy begin met 'n leesstuk vir genot oor 'n perd.

Gedurende die Knysna-brande in 2017, is die wêreld aangegryp deur die verhaal van Cody, die perd wat die brande oorleef het en teruggestap het huis toe.

Cody herstel goed ná lang stap

Deur: Jackie Kruger

Op 7 Junie 2017 het die brande in en om Knysna ook die Rademeyers se plaas langs die N2, tussen die afdraaie na Rheenendal en Buffelsbaai, bereik. Vyf van hulle perde, Cody, Cheeky, Bella, Mila en Déjà Vu was so senuagtig dat hulle nie wou stilstaan sodat mense hulle kon vang om na veiligheid te neem nie. Hulle eienaar, Karen Rademeyer, het hulle toe maar in 'n plantasie naby die plaas ingejaag. Hierdie plantasie het toe nog nie gebrand nie. Al die ander perde op Karen se plaas is betyds na veiligheid gebring.

Nadat die verwoestende brande geblus is, het die Rademeyers na hul vyf ponies begin soek, maar kon hulle nie kry nie. Eers 16 dae later, het Cody self met die N2 huis toe gestap. Hoe hy geweet het hoe om te loop, weet niemand nie. Karen-hulle meen dat Cody moontlik die reuk van clementines ('n soort nartjie) gevolg het om sy weg te vind omdat die ponies altyd in die nartjieboorde op die plaas gewei het. Perde se sintuie is ook goed ontwikkel wanneer dit by hul tuiste kom.


Toe hy op die plaas aankom, het hy dadelik gesoek na sy vier vriende -- wat toe nog weg was. "Niks kon my voorberei op hoe hy gelyk het nie. Dit het gelyk asof hy sy oë verloor het. Sy gesig was baie erg gebrand, veral die deel om sy oë," het Karen gesê. Sy meen dat Cody se lang kuif moontlik aan die brand geraak het. Sy lyf was minder beseer. Volgens Rademeyer was Cody se lippe rou, maar hy het aan droë blare in die tuin begin eet. "Ons dink dit is hoe hy oorleef het," sê sy. Cody was baie getraumatiseer. Die eerste aand wou hy nie alleen slaap nie. Die gesin het beurte gemaak om by hom te sit.

Die veearts het vir Cody gereeld besoek en hy het 'n hele klomp salf en vitamienegekry wat hy moes gebruik. Karen sê dat Cody goed herstel. Sy oë is piekfyn en dit gaan elke dag beter met hom. Twee van die ander ponies het doodgebrand en die ander twee is nog steeds weg. Niemand weet wat van hulle geword het nie. Karen sê iemand wil nou 'n boek oor Cody se ervarings skryf.


(Bron: Aangepas uit *Beeld*, 30 Junie 2017)

Help leerders om vir Cody te teken! Dit klink miskien na 'n snaakse voorstel, maar ongelooflik hoe jou uitkyk verander wanneer jy iets so moeilik soos 'n perd kan teken!

Kyk na die prente hieronder en teken nou vir Cody.



Probeer nou die hele lyf teken. Gebruik 'n transpirantmasjien, of dataprojektor en teken dit saam met die kinders op die bord of teken, as onderwyser, jou eie een.



Skuif die fokus dan na temas in die drama, soos bv. terapie. Lees die volgende inligting SAAM met jou klas deur. Laat die leerders dan die opdrag uitvoer.

PERDRYTERAPIE

Vir duisende jare reeds speel perde 'n belangrike rol in die lewens van mense. Chris Irwin, wat perde se gedrag ken, het 'n boek daaroor geskryf. Die boek se titel is: *Horses Don't Lie*.

Hy sê wanneer 'n mens na 'n perd kyk, sien jy die krag wat in jouself opgesluit lê. Maar baie keer het jy nie die moed om daardie krag te gebruik om jou probleme op te los nie. Jy wens jy kan jou probleme opsaal en ry soos 'n mens 'n perd opsaal en ry.

Dit is presies wat perd-gesteunde terapie doen. Dit help kinders en grootmense om hulle emosionele en fisiese probleme op te los. Dit help hulle om hul probleme "op te saal en te ry". As jy byvoorbeeld gestremd is en skaars in staat is om op jou eie twee voete te staan, kan jy op die rug van 'n 400-kg perd sit. Dan voel jy sterk en vol selfvertroue. Vir sommige mense is daardie tien minute op 'n perd se rug tydens terapie die enigste tyd waarin hulle in beheer van gebeure in hulle lewens is.

M'Lani Basson, is so 'n perdryterapeut. Sy werk met gestremde kinders van Ligstraal Skool. Sy leer veertig verstandelik en/of fisies gestremde kinders om 'n 28-jarige perd, met die naam, Josef, te ry. Ou Josef is 'n eertydse gimkanaperd, maar hy het egter te stadig geword en is amper perdeslagter

Lees en kyk: Letterkunde

toe gestuur. Ou Josef is stadig, maar hy is die perfekte vriend vir kinders met probleme. (*gimkana: hinderniswedrenne te perd*)

Op die plaas, Amado, wat “geliefde” beteken, leer die kinders egter meer as om net perd te ry. Hulle roskam Josef. Hulle maak beurte om langs die perd te stap en boontjiesakkies heen en weer vir hulle vriende op die perd se rug te gooi. Hulle doen strekoefeninge om hulle voete in die stiebeuels by te kom en dié wat kan, speel sokker in die perdryskring vóór en ná lesse. Die kinders wat serebraal gestremd is, warm op deur een of twee keer in die ronde te loop met die heining van die perdryskring as ondersteuning. Die perdryskring word ’n metafoor vir die lewe.

Perde is sensitief vir mense se liggaamstaal en hulle gebruik hul eie liggame om op ’n direkte, eerlike manier met mense op hul rug te kommunikeer. Dit is baie waardevol in die geval van fisies-gestremde kinders. Kinders kan onmiddellik die gevolge van hul bewegings sien. Die interaksie met perde gee aan kinders wat sukkel om binne normale sosiale verband te kommunikeer, die geleentheid om op ander maniere te kommunikeer.

Leerders kan die volgende vrae beantwoord en met die merk daarvan, vind ’n volgende geleentheid plaas om seker begrippe te verduidelik en om reeds aan temas, wat in die drama gebruik word, aan te raak. Leerders sou verder ook navorsing kon doen om die vrae te beantwoord.

Vrae:

1. Wie het die boek *Horses don't lie* geskryf?
2. Hoe help perdry terapie ’n mens?
3. Wat beteken die woorde:
 - 3.1 terapeut
 - 3.2 terapie
 - 3.3 gestremde
 - 3.4 roskam
 - 3.5 stiebeuels
 - 3.6 perdryskring
4. Hoe kan ’n perdryskring ’n metafoor vir die lewe wees?
5. Hoe help die interaksie met perde die kinders wat sukkel om met ander mense te kommunikeer?


Die drama

Hoe lyk die eenbedryf?



- o Dit bestaan slegs uit een bedryf; dus baie korter as ’n vollengte drama.
- o Dit bestaan uit twee tonele wat oor twee Saterdagse afspeel.
- o Die sentrale tema is vergifnis OF genesingskrag van interaksie tussen mens en dier.
- o Die boodskap van hierdie eenbedryf is: Mense moet mekaar aanvaar en vergewe.
- o In *Perdekrag* is daar drie karakters: Lucky, Wilma en Binki en drie diere-karakters: Kaizer, Lady Jane en Tinkerbelle.
- o Dit vind by die Silwerkloof Stalle plaas. (Agtergrond)

Waarop behoort ons in hierdie eenbedryf te fokus?

- o Titel
- o Skrywer se doel (stem ooreen met die boodskap wat die eenbedryf oordra)
- o Literêre kenmerke:




- o Fases in die eenbedryf:



Die titel

Vir interessantheid: Wat is “perdekrag” en waar kom die woord perdekrag vandaan?

Perdekrag word gedefinieer as werk verrig oor tyd. Die presiese definisie van 1 perdekrag is ongeveer 4 511 kg.m/minute. Anders gestel: As jy 4 511 kg vir ’n minute lank 30,48 m bo die grond moet ophang en hou, het jy teen 1 perdekrag oftewel 746 watt gewerk. ’n Mens kan maar sowat 0,1 perdekrag uitvoer.



Waar kom hierdie definisie vandaan?

James Watt (1736 – 1819) was die man wat stoomenjins bekend gemaak het. Om sy enjins te bemark moes hy kon aandui dat sulke enjins beter as perde was. Perde is tot op daardie stadium gebruik as bron van industriële krag en toe moes hy industrieë oortuig om oor te slaan na sy stoomenjins.

Die tipiese perd wat aan ’n meule vasgemaak was om koring te maal of hout te saag/kap, het in ’n sirkel met ’n 2 298 m omtrek gestap. Watt het bereken dat die perd met ’n krag van ongeveer 82 kg trek. So ’n perd kon 144 sirkels voltooi in ’n uur oftewel 2,4 sirkels per minute. Dit het beteken dat die perd teen ’n spoed van 55 m per minute kon beweeg. As jy dan nou 55 m vermenigvuldig met 82 kg waarteen die perd trek, kom jy by ongeveer 4511 m/kg/minute oftewel 746 watt uit.

James Watt het bewys dat sy stoomenjins baie sterker is.

Die titel van hierdie eenbedryf hou verband met die sentrale tema, nl. dat mense moet leer om te vergewe en met mekaar te kommunikeer sodat hulle mekaar beter kan verstaan. Dis ’n voorbeeld van woordspeling. Gewoonlik verwys perdekrag na die werkverrigting van/drywing van ’n enjin. In hierdie eenbedryf dui dit op die vermoë van ’n perd/perde om mense te verstaan en/te help om probleme te oorkom.

Die skrywer se doel

Na afloop van die eenbedryf, behoort die leser sekere lesse daaruit te leer, bv. dat ’n mens jou omstandighede moet aanvaar of dat alles nie net maanskyn en rose is wanneer jy geld het/ryk is nie. Ander mense mag ook dalk swaarkry, nes jy al lyk hulle omstandighede vir jou baie beter.

Agtergrond en toneelaanwysings

Die eenbedryf speel by die Silwerkloofstalle af. Dis ’n perdryskool waar perde gebruik word as terapie vir kinders met probleme.

Toneelaanwysings

- ... is instruksies wat die dramaturg in die teks aan die akteurs gee;
- ... is inligting oor die aksies, voorkoms en gedrag van die karakters;
- ... dien as plek- en tydsaanduidings;
- ... help die leser om die karakters se optrede te verstaan;
- ... sluit dekor en byklanke in.

Intrige

Dis die gebeurtenisse of handelingsmomente wat mekaar in die eenbedryf opvolg. Daar is altyd 'n logiese volgorde van een gebeurtenis na die volgende. Leerders moet die eenbedryf só goed ken, dat hulle gebeurtenisse in die korrekte volgorde, soos dit in die eenbedryf plaasvind, kan rangskik.

Karakters

Sonder karakters, sal daar geen handeling of dialoog en dus ook geen konflik wees nie. In 'n eenbedryf, nes by 'n drama, word die karakters akteurs genoem en die regisseur leer hulle hoe om hul rolle te speel en die toneelaanwysings te benut. Dis interessant om daarop te let dat selfs die drie perde elk sy/haar eie karakter het.

Tema of boodskap: Wat is die verskil?

Die tema is die sentrale gedagte van die teks. 'n Eenvoudige manier om die verskil aan te dui is om te sê dat 'n tema in een woord opgesom kan word, bv. vergifnis/aanvaarding. Die boodskap is bv. Wat sê die skrywer vir ons oor vergifnis/aanvaarding?

Woordkeuse, figuurlike taal en retoriese elemente

Lucky gebruik baie Engelse woorde. Gesels met die leerders hieroor en vra of hulle dink dis gepas. Lei hulle om te verstaan dat Lucky se taalgebruik sy karakter geloofwaardig maak, m.a.w. hy is 'n tiener en tieners meng oor die algemeen hulle taal. Hou ook in gedagte dat Lucky 'n swart tiener is wat dalk nie Afrikaans as huistaal het nie. Verder is hy soms sarkasties, soms selfs aggressief en dan gebruik hy kru taal. Wys die leerders op die betekenis van die woord "kru".

Figuurlike taalgebruik verwys na beeldspraak of stylfigure. Soek saam met die leerders na voorbeelde hiervan en wys hoe dit die dialoog help. Ander stylfigure soos ironie is bv. Lucky se naam. Sy naam beteken dat hy gelukkig is, maar eintlik is hy 'n baie ongelukkige tiener.

Retoriese elemente is al hierdie middele wat help om die leser te oortuig van die geloofwaardigheid van elke karakter.

Fases in die eenbedryf:

- o Eksposisie: Dis die begin van die drama waar ons aan die verskillende karakters voorgestel word en die agtergrond (die perdryplaas) leer ken.
- o Motoriese moment: Dis wanneer lucky op die perdryplaas aankom.
- o Ontwikkeling: Hier leer ons die konflik tussen die karakters ken en die spanning laai op.
- o Klimaks: Lucky vra Kaizer om verskoning/vergifnis vir sy gedrag.
- o Ontknoping: Lucky verstaan die trauma waardeur Binki is toe hulle huis afgebrand het en probeer haar help.
- o Slot: Die karakters en perde beweeg saam op 'n ontspanne/harmonieuse manier.

'n Goeie afsluiting vir hierdie eenbedryf: Integrasie

Hoe benader u die oordrag van vaardighede vanaf lees en kyk na luister en praat, en skryf en aanbied? Een manier sou wees om na afhandeling van die eenbedryf die leerders te lei om 'n eenvoudige resensie (120 – 150 woorde) daaroor te kan skryf.

OPSKRIF (opinie oor eenbedryf moet hier blyk: goed of sleg)

Lees en kyk: Letterkunde

Deur _____ (naam en van)

Par. 1: Noem die eenbedryf se naam. Sê of dit goed of sleg is. Gee naam van skrywer en karakters.

Par. 2: Algemene indruk oor die eenbedryf. Sê wie sal daarvan hou; wat is die beste deel.

Par. 3: Skryf oor die inhoud van die eenbedryf: die tema en die boodskap.

Par. 4: Vergelyk die eenbedryf met ander dramas/boeke: Waarom is hierdie eenbedryf beter as ander voorgeskrewe boeke?

Slotparagraaf: Laaste indrukke/aanbeveling of nie: Beveel jy die eenbedryf vir ander leerders van jou ouderdom aan? Waarom of waarom nie?

'n Advertensie

Nog 'n manier om aan te sluit by die perd-tema en sommer ook woordeskat te oefen, is om taal oefeninge ook op 'n teks (met perde as tema) te gebruik. So skep jy nog 'n geleentheid om dalk oor die drama te gesels uit 'n heeltemal ander hoek.



PERDRYLESSE!

- Beginners en kinders
- Weekliks aangebied deur ervare instruktors
- Veiligheidsklere word verskaf
- Veilige omgewing met veilige perde
- SLEGS individuele lesse word aangebied vir maksimum aandag
- Ongelooflike ervaring

R560 per maand
4 individuele lesse

"Outrides" vir volwassenes beskikbaar - van onervare ruiters tot ervare ruiters kan geakkommodeer word.

Toeriste en besoekers welkom!

Vir navrae: lizelpsp@mweb.co.za / 082 8956784

1. Wat word in hierdie advertensie geadverteer?
2. Hoe kry die adverteerder dit reg dat ons dadelik sien hoeveel die lesse kos?
3. Watter woorde (2) gebruik die adverteerder om lesers gerus te stel?
4. Gee TWEE beskrywende woorde uit die advertensie.
5. Hoe trek die opskrif van hierdie advertensie aandag? Noem TWEE dinge.
6. Op watter TWEE maniere kan die leser die persoon wat hierdie lesse aanbied, kontak?
7. Hoe sluit die advertensie by die drama, *Perdekrag*, aan?